Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 37 | 5 Augustus 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

" In three words I can sum up everything I've learnt about life:

It goes on..."

~ Robert Frost ~

AKADEMIESE RAPPORTE

Baie dankie aan elke onderwyser, ouer en leerder, wat met ywer die tweede kwartaal se akademiese program aangepak en afgehandel het. Dit het ons skool in staat gestel om verlede week, Vrydag, rapporte uit te deel en ons seile vir die derde kwartaal te span.

Die skool kan as gevolg van die huidige COVID-19 regulasies nie oop oueraande hê nie. Bespreking van akademiese verslae sal wel op uitnodiging geskied.

Ouers is meer as welkom om 'n personeellid te kontak, deur middel van e-pos – ons ondersteun u graag waar ons kan.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Die nuutste direktiewe, soos gepubliseer in die Staatskoerant 44922 van 1 Augustus 2021, laat skole toe om voort te gaan met sekere aktiwiteite.

Die Riebies gaan voort met die oefening op kulturele gebied nl. Kore en Revue. Datums en tye sal gekommunikeer word. Die skool sal ook deel wees van die Kempton Park se Kunswedstryd wat voorlê. Streng COVID-19 protokol sal steeds van toepassing wees.

Die Riebies gaan ook voort met die tradisionele derde kwartaal sportaktiwiteite nl. Krieket, Hokkie en Landloop. Hou asseblief die Riebie Klanke dop vir die oefentye.

Ongelukkig mag daar steeds geen toeskouers by oefeninge, wedstryde (of kompetisies, indien dit sou plaasvind) wees nie. Ons sien geweldig uit om ons leerders by die skool se buitemuurse-program betrokke te kry!!!

VROUEDAG – 9 AUGUSTUS 2021

Die skool en Naskoolsentrum sal eerskomende Maandag, 9 Augustus 2021, gesluit wees vir die viering van Vrouedag.

Die skool sal weer op 10 Augustus 2021 volstoom met die akademieseprogram voortgaan.

Geseënde Vrouedag !

'n Vrou is eendag gevra wat sy gebruik om haar so Pragtig te maak,
sy antwoord toe.....
Vir my lippe die waarheid,
vir my oë barmhartigheid,
vir my stem vriendelikheid,
vir my hande liefdadigheid,
vir my postuur, opregtheid,
vir my hart liefde en omgee,
en vir die wat nie van my hou nie.... Gebed.

INTERAKTIEWE BORDE

Getrou aan ons skool se mandaat om onderrig van gehalte te help verseker, doen ons deurlopend navorsing na nuwer tegnologie.

Die skool is voorwaar bevoorreg om interaktiewe borde en die beskikbaarheid van e-leer platforms te kan gebruik vir ons leerders vanaf Graad R – Graad 7.

Uit die aard van die vierde nywerheid revolusie en 'n toenemende gekonnekteerde wêreld wat die pas versnel, wil die Riebies natuurlik tred hou met verandering en ontwikkeling op dié terrein.

Kostes vir die opgradering van tegnologie is astronomies. Ons weet baie van ons ouers is in die IT-bedryf en baie maatskappye/besighede wil betrokke raak by skole se tegnologiese skool-programme.

Indien u weet van 'n maatskappy/besigheid wat kundigheid in dié verband het en ook finansieël betrokke wil raak by ons skool, kontak asseblief vir Mnr. Hendrik van Staden by 011-976-2633 of per e-pos by hendrik@riebie.co.za .

SKOOLKLERE-VERSKAFFERS

Die skool maak reeds 'n paar jaar gebruik van twee klereverskaffers nl. Boundary Silk Basaar en School & Leisure. Ons is dankbaar om klereverskaffers tot ons beskikking te hê wat die skool en ons ouers se behoeftes verstaan.

Die skool het onlangs 'n derde klereverskaffer by die skool betrokke gemaak. Ons verwelkom hiermee vir Sapphire Corporate Solutions. Die skool se LOV-kleredrag is reeds op hul rakke beskikbaar en ouers kan aanlyn bestellings plaas. Ouers kan gerus na die inligting op d6 Connect kyk oor hoe om LOV-drag, aanlyn by Sapphire Corporate Solutions te bestel.

Sapphire Corporate Solutions beoog om in 2022 die skool se skooldrag ook beskikbaar te hê. Atletiekdrag word tans bespreek.

POPIA

Die reg op privaatheid word deur die Grondwet beskerm en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) verskans daardie reg met wetlike inwerkingtreding op 1 Julie 2021. Laerskool Van Riebeeckpark verbind hom tot die beskerming van persoonlike inligting.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

1. Laerskool van Riebeeckpark volg die riglyne soos gebaseer op FEDSAS (Federasie van Verenigings van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole) se voorgestelde template en word beskou as 'n standaard vir beheerliggame en skole ten opsigte van POPIA.

2. Laerskool van Riebeeckpark vra nie toestemming tot enigiets anders as die huidige modus operandi nie, maar wil u in kennis stel dat die skool voortgaan met die manier waarop ons persoonlike inligting en beelde verwerk. Wees asseblief verseker dat die beskerming van ons skoolgemeenskap se persoonlike inligting vir Laerskool van Riebeeckpark van die uiterste belang is.

3. Laerskool van Riebeeckpark poog om slegs spesifieke soort foto's te gebruik en te verseker dat beelde geskik is vir 'n skoolomgewing. Sodanige foto's dra by tot die bemarking van die skool en om Laerskool van Riebeeckpark se etos en leeromgewing te kommunikeer.

4. Laerskool van Riebeeckpark poog om selektief te wees in die gebruik van inligting met spesifieke fokus op die uitvoering van die skool se rol as opvoedings-instelling en in die belang van die bevordering van die leerders en die skool.

5. Laerskool Van Riebeeckpark sal steeds persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorskryf. Verwerking van inligting sluit in die ontvangs, optekening, organisering, sortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling, sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.

6. Alle dokumente word vernietig binne die tydraamwerk soos deur die POPIA voorgeskryf word.

Leerder-profiel	3 jaar
Finansiële state	7 jaar
Bateregister	30 jaar

GHOLFDAG: 17 SEPTEMBER 2021 - MODDERFONTEIN GHOLFBAAN

Ons herinner ouers aan die Gholfdag wat oor 'n paar weke plaasvind. Ons benodig asseblief u hulp. Vele hande maak ligte werk!

Hoe kan u help?

Die skool benodig 'n onderwyser per graad en een of twee ouers vir die Beplanningskomitee. Dié span help met die beplanning van die Gholfdag, opmaak van putjies en die werksaamhede gedurende die Gholfdag. Die span moet 'n rooster opstel van wanneer watter ouer werk, sodat twee ouers nie die heeldag alleen op die baan sit nie.

Die graad-onderwyser en ouers vergader in hul afsonderlike graadverband met ander grade se ouers en beplan dan hul putjie en speletjies.

Die skool benodig asseblief pryse en borge in menige formaat. Items soos wyn, water, energie-drankies (bv. Energade of soortgelyk), sportsakke, vakansies, geskenkbewyse, ensovoorts sal baie waardeer word.

Stuur asseblief die besonderhede van u borgskap [wat u neem (borgskap/vierbal), totale bedrag, volle besonderhede vir faktuur- en besprekings-doeleindes] na golf@riebie.co.za. Merk dit asseblief duidelik: Riebies **Gholfdag 2021. U kan ook ons webwerf besoek vir meer inligting en kostes en aanlyn besprekings kan ook gedoen word.**

Saam beplan ons die nuwe MÔRE!

AANSOEKE GRAAD 1 EN GRAAD 8 – 2022

Graad 8 (2022) aansoeke

Open 08:00 op 10 Augustus 2021
Sluit 00:00 op 03 September 2021

Graad 1 (2022) aansoeke

Open 08:00 op 13 September 2021
Sluit 00:00 op 08 Oktober 2021

Die persverklaring is beskikbaar op www.gauteng.gov.za

Die oggend van die openingsdatum moet ouers, ingevolge departementele riglyne, **AANLYN** aansoek doen by: www.gdeadmissions.gov.za

DEUR-RY GRAAD R – 2022

Ons Graad R "drive-through" vir die afhaal van inskrywingsdokumente op 4 Augustus 2021 en 5 Augustes 2021, het baie goed verloop. Ons vriendelike student span het ouers ingewag en daar was sommer baie opgewondenheid in die lug. Ouers wat nie die dokumente afgehaal het nie, sal dit nou eers volgende week kan afhaal. Kontak asseblief vir Naomi by naomi@riebie.co.za om die nodige reëlings te tref.

"Tell me and I forget,
Teach me and I may remember,
Involve me and I learn."

~ Benjamin Franklin ~

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

AKADEMIE

AKADEMIE TOP 20

Baie geluk aan die volgende leerders wat die Top 20 vir elke graadgroep vir Kwartaal 2 behaal het:

GRAAD 4	
JACOBS	MARI-LIZE
GREEN	MICHAELA-ANN
MARX	Lia
THERON	JANIKA
BURGER	Ryan
VILJOEN	PETRENé
CROMHOUT	LEANDI
BOTHMA	REUBEN
STRYDOM	NATALIE
WILKENS-BECKER	LEAH
BREYTENBACH	DEWALD
HOY	CASEY
ROBINSON	ETHAN
HAIGH	Morgan
MULAUDZI	MPHO
MACE	Gabriella
VAN NIEUWENHUIZEN	CAYLE
WEYERS	JAN-DANIE
ROUX	Marco
KERRY	ZANI

GRAAD 5	
ENGELBRECHT	GEMMA
DU PLESSIS	LUELLA
ZIERVOGEL	JOSHUA
FOURIE	ZIONé
CORNWALL	ZAYNE
VAN ROOYEN	MIEKE
DU TOIT	CHLOE
BOTHA	Amé
RUTHENBERG	MARINIQUE
VAN HUYSSTEEN	ISABELLA
BARNARD	CHENé
GILLER	DAKOTA
ENGELBRECHT	ANGELIQUE
KHOALI	LETHABO
BRAND	ROSA
LECHABA	BASIAME
KOTZE	ALBIE
NEL	AMBER
WEITSZ	RUVé
VERMAAK	JONATHAN

GRAAD 6	
VAN STADEN	NIALé
PELSER	FRANTUS
STRYDOM	KIRSTEN
WASSERFALL	NATHAN
BREYTENBACH	HENCO
VAN BAALEN	ETHAN
VAN DER MERWE	MEGAN
BLOEM	MEKYLA
CASIMIRO	KYLIE
BRITS	MARLICHé
PRETORIUS	CHANTé
NKUMANE	NOTSILE
DIPPENAAR	ARNO
DORFLING	KENDRA
VAN DER WESTHUIZEN	KAYLEé
VAN DER WALT	TERTIUS
DIPPENAAR	PORTIA
SWANEPOEL	SUNé
PRETORIUS	Divan
VAN STADEN	JACOBUS

GRAAD 7	
DU PREEZ	MARLI
LAMPRECHT	DIVANN
ABRAHAMS	HANNAH
ENGELBRECHT	ASHLEIGH
JACOBS	MIANé
STRYDOM	KEANU
WEITSZ	ELANé
VAN ROOYEN	KAITLYN
VERMAAK	KAYLEE
KOTZE	ASHLEIGH
PARASKEVA	MATTHEW
RUTHVEN	JACINDA
PIENAAR	ANROUX
ROBINSON	MIKA
VAN SCHALKWYK	THEUNIS
ROSSOUW	STEPHAN
SWANEPOEL	ODETTE
VAN ZYL	ANJANKE
BRAND	SIMON
SEGAMI	UHLULE

SPORT

SKAAK

Die O/9A skaakspan het onlangs aan die Distrik-liga, aanlyn deelgeneem. Hierdie span het ‘n 2de plek behaal gedurende dié liga – Baie Geluk aan elke speler !!

Logan Fick (Kaptein)
Darius Buitendag
Ryan Dodds
Jason van Wyk
Ethan van Wyk
Kian de Bruyn

KRIEKET

Alle seuns is welkom om die oefening by te woon. Bring asseblief, indien moontlik, jou eie krieketbal- en toerusting. Daar sal krieket-toerusting sover moontlik, voorsien word.

Oefentye as volg:

Maandae	0/11, 0/12, 0/13	14:15 – 15:00
	0/9A en 0/10	15:15 – 16:15
Dinsdae	0/9A en 0/10	14:15 – 15:00
	0/11, 0/12, 0/13	15:15 – 16:15
Woensdae	0/11, 0/12, 0/13	14:15 – 15:00
	0/9 A en 0/10	15:15 – 16:15
Donderdae	0/9A en 0/10	14:15 – 15:00
	0/11, 0/12, 0/13	15:15 – 16:15

HOKKIE

Alle dogters is welkom om die proewe by te woon. Bring asseblief, sover moontlik, jou eie hokkiestok na die proewe toe.

10 Augustus 2021	O/10 en O/11	14:15 – 15:15
11 Augustus 2021	O/12 en O/13	14:15 – 15:15

LANDLOOP

Oefentye as volg:

Maandae – Donderdae	14:15 – 15:00

TENNIS

Oefentye is soos volg:

(Graad 4 – Graad 7 **seuns en dogters**)

Dinsdae en Donderdae 06:00 – 07:00

Onthou om jou waterbottel en tennisraket saam te bring. Leerders mag hul LOV-drag dra.

ALGEMEEN

RIEBIE "FUNKY" NEON DAG

Ons het 'n baie kleurvolle FUNKY NEON DAG gehad op 30 JULIE 2021. Die leerders het hul kreatiwiteit ten toon gestel en hope pret gehad!

'n Opregte dankie aan ons leerders en ouers vir al die donasies wat ons vir die Riebie koskas ontvang het.

Dankie weereens dat ons altyd op u positiewe bydrae kan staatmaak om ons in staat te stel om ons Riebie families in nood by te staan.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 10-13 AUGUSTUS 2021

MAANDAG	VROUEDAG – NASKOOLSENTRUM GESLUIT	
DINSDAG	RUSSIAN CHIPS	VRUG / SAP
WOENSDAG	GROENTESOP EN BROOD	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	BURGERS	VRUG / SAP
VRYDAG	MACARONI EN KAAS	SKYFIES / VRUG & SAP

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***